


TRINITEITSONDAG
31 MEI 2026

NED. GEREF. KERK
WELLINGTON-NOORD



# NOORDNUUS

- **Erediens** **09:30 | Kerkgebou**
- **Predikant** **Ds. Francois Human**
- **Orrelis** **Johann Enslin**
- **Deuroffer** **Skoliere- en studenteprojek**
- **Digidiens** **Johan Crous**

## KINDERS | JEUG

**Voorskool tot Graad 3** deel in kindermoment tydens erediens en gaan dan saal toe. U kan dan weer u kind na die erediens by die kerksaal kry. Die **Graad 4 tot 10 leerders** gaan saal toe vir hul ontmoetings na afloop van die erediens. **Belydenisgroep** net na erediens in konsistorie.

## Algemene Inligting

MacCronestraat 11 - Wellington - 7655
021 873 2763 I info@wellingtonnoord.co.za

Bankbesonderhede: ABSA | Wellington | 430 580 019
**Kantoorure** | **Skriba** | Maandag - Vrydag | 8:30 - 12:30
**Gemeentebestuurder** | Maandag - Donderdag | 7:30 - 15:30
Vrydag | 7:30 - 14:30

zapper
The rewarding way to pay

www.wellingtonnoord.co.za

# VERJAARSDAE | JUNIE

31 Christelle Fourie | Ruandi Koegelenberg

01 Mila de Kock | June Swart

03 Joané Brand | Heloise Louw | Judi Malan | Francois vd Merwe
Theresa van der Westhuizen | Francois Burger

04 Annareen de Reuck | Alecia Niemann | Charl Walden

05 Stian Fourie | Tertius Lotze | Retha Prins

06 Stef Bothma

07 Marle Benade | Albert Bester | Jon-Henri du Plessis | Corné Niemann

## DOOP | LIA DUMAS & OLIVIA LUUS



Lia Dumas
Pieter & Nica Dumas



Olivia Luus
Rudi & Elmarie Luus

Baie geluk met die doop van julle pragtige babas. Mag hierdie besonderse dag vol liefde en seëninge wees. Ons wens vir julle wysheid, geduld en groot vreugde terwyl julle hierdie twee klein sieletjies lei op hul geloofsreis. Mag God julle gesinne seën met sorg, genade en baie kosbare herinneringe.

## Ons leer



Wil jy groei in jou geloof?

### Woordskool

Dis informeel, gemaklik en almal is welkom.

9 & 23 Junie 2026: 18:30
10 & 24 Junie 2026: 09:30



www.wellingtonnoord.co.za




# BAIE DANKIE

Ons waardeer julle bydrae by twee spesiale geleenthede

## Gemeente-ete

Dankie aan almal wat gehelp en gereël het.
Dankie vir alle bydraes en ondersteuning.

## Pinkster

Dankie aan almal wat gehelp het met sop en broodjies
Dankie aan almal betrokke by die voorbereiding van die reeks
Spesiale dank aan Ds. Francois vir die ongelooflike ervaring.




# BONUS NOMINASIES - WEN 'N SKAAP!

R500 per nominasie | Slegs een nominasie per duif

In kort jy voorspel watter duif gaan wen. As jy reg is wen jy 'n volle skaap. Heerlike Boesmanland skaap.

Nominasies sluit 12 Junie 2026 by die kerkkantoor.
Kontak kerkkantoor 021-873-2763 of info@wellingtonnoord.co.za

## Baie Dankie

Ons opregte dank aan al ons ondersteuners, borge, skenkers en vrywilligers – en aan elkeen wat op enige wyse by ons duiweveiling betrokke was. Julle ywer, tyd, skenkings en harde werk het hierdie gebeurtenis moontlik gemaak. Sonder elkeen van julle, wat ook al die bydrae was, sou dit nie so 'n groot sukses gewees het nie.

Dankie vir julle volgehoue steun en betrokkenheid.






## BID VIR TEOLOGIESE OPLEIDING - MIDDE-OOSTE

In ons gebedsreeks het ons reeds die afgelope paar weke gebid vir kerke en gemeenskappe in die Midde-Ooste wat diep geraak word deur geweld, onsekerheid en verlies. Ondanks die uitdagings word predikante, teoloë en kerkleiers steeds toegerus om die Evangelie in hul gemeenskappe te verkondig. 'n Belangrike rolspeler in hierdie voorbereiding is die Association of Theological Institutes in the Middle East (ATIME), 'n netwerk van teologiese instellings wat sedert 1967 saamwerk om teologiese opleiding en eenheid tussen kerke in die streek te bevorder.

ATIME bring teologiese instellings uit verskillende kerklike tradisies bymekaar, met die doel om toekomstige kerkleiers toe te rus vir die bediening in 'n konteks van konflik, spanning en onsekerheid. Die fokus is nie bloot akademies nie. Predikante word gevorm om met wysheid, geloof en volharding die Evangelie te kan uitleef en verkondig.

Dié samewerking het onlangs treffend na vore gekom tydens 'n byeenkoms van ongeveer 200 teologiese studente in Kaïro, waar studente en dosente uit verskillende kerklike tradisies in die Midde-Ooste, die Evangelies van Matteus, Markus en Lukas bestudeer het. In 'n streek waar verdeeldheid dikwels oorheers, was dit 'n besondere getuienis van geestelike verbondenheid en eenheid in Christus.

Baie van hierdie studente berei hulself voor vir bediening in gemeenskappe waar Christene 'n klein minderheid vorm en waar ekonomiese druk, politieke spanning en emigrasie groot uitdagings skep. Tog kies hulle om te bly, te dien en hul lewe aan Christus en Sy kerk toe te wy.



# KONiNKRYKSTYD

**Koninkrykstyd (ook genoem gewone tyd) strek vanaf Pinkster tot Advent.** Koninkrykstyd begin met Drie-Eenheid-Sondag waar die Triniteit gevier word.

## HUISGELOOF

## DRiE-EENHEiD
## GEN 1&2, 2 KOR 13

### OMGEE
Raai-raai! Wat het 'n eier, 'n Toblerone-sjokolade, Doritos-tjips, 'n toebroodjie, 'n piesang, 'n burger en 'n appel met mekaar te doen?
(Dit het alles 3 dele of is in die vorm van 'n driehoek.)

### GESELS
Hierdie week is die begin van Koninkrykstyd in die kerk en ook Drie-Eenheidsondag of Triniteitsondag.

**Lees: Gen 1:1-2,4a; 2 Kor 13:11-13 (Matt 3:16-17 Jesus se doop)**

- Hoe kom God Drie-Enig in elkeen van hierdie tekste voor?
- Elkeen van die Drie-Eenheid is verskillend. Hoe?
- Maar tog is Hulle almal saam EEN God. Hoekom is dit belangrik?
- Dit is moeilik om die Drie-Eenheid te verstaan. Hoe sal jy die Triniteit vir iemand verduidelik?

### DOEN
Dink aan nog dinge wat uit 3 dele bestaan of in 3 vorme voorkom, soos water-ys-stoom of 'n boom met wortels, stam en blare. Lys dit. Teken dan een voorbeeld en skryf bo-aan: Drie-in-een. Uitdeelstuk: https://dinkjeug.co.za/wp-content/uploads/2026/05/2026-Triniteitsondag.pdf

### BID
Bid saam. Gebruik in jou gebed die woorde: Vader, Jesus en Heilige Gees.

DINK JEUG Families

**Laai die DinkJeug Families app gratis af:**

Google Play:

Apple Store:

FEBA
SUID-AFRIKA

# Vier saam met ons

# FEBC 80jr | FEBA SA 30jr

Met dankbare harte vier ons God se trou deur die jare.

**Kom hoor FEBA-direkteure se getuienisse van hoop, geloof en bediening.**

Nooi gerus ook iemand saam.



**M'bimba**
Mali



**Godi**
Niger



**Ayata**
Tsjad

## KAAPSTAD-BYEENKOMS

6 Junie 2026 | 10:00

NGK Belville-Riebeeck
Noordstraat 2, Chrismar, Bellville

**RSVP teen 23 Mei**

Deur op die skakel te druk

OF

**Skakel 012 335 5708 of stuur 'n WhatsApp na 081 265 4801**